# Afrikaans Huistaal

# Hersiening

# Graad 9

**TYDSDUUR: 1 uur 30 minute**

**TOTAAL: 65**

**EKSAMINATOR: Z. Mans**

**Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING:**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae.

   VRAAG 1: Literêre teks en nie-literêre teks (20)

   VRAAG 2: Visuele teks (15)

   VRAAG 3: Opsomming (10)

   VRAAG 4: Taalstrukture en -konvensies (20)
2. Lees AL die instruksies baie goed.
3. Beantwoord AL die vrae.
4. Nommer die antwoorde soos wat dit in die vraestel genommer is.
5. Trek ’n lyn ná elke vraag.
6. Skenk veral aandag aan spelling en sinskonstruksie.
7. Skryf netjies en leesbaar.

**VRAAG 1: LEESBEGRIP – LITERÊRE TEKS EN NIE-LITERÊRE TEKS**

**TEKS A: RUBRIEK**

Lees die onderstaande berig aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

# Toe, wanneer word jy baas oor ’n ander se mond?

*Lynthia Julius*

1 Ek sit g’rus hier in die Noord-Kaap terwyl ek lees oor wat in Stellenbosch aangaan. Ek gaan net Stellenbosch toe vir die [Toyota US] Woordfees, meer spesifiek, vir die poësie. Die wyn, die prate oor letterkunde met uitgewers en digters. Terwyl ek sit en lees oor wat daar aangaan met Irene en Minerva, dink ek t’rug aan my voorgraadse jare. Hoe woedend ek en my suster was tussen die taaldebatte by Kovsies. Hoe ons heeltyd moes hoor: “You are speaking the language of the oppressor.”

2 Omtrent so ’n jaar t’rug is ek iewers ’n intern. Ek word toe bevriend met een van die ander interns. Haar moedertaal is Sotho en my Sotho is ’n gebedsaak, so ons praat meestal Engels. So leer ek heeltyd by haar Sotho-woorde en sy verduidelik hoe jy baie goed iemand in Sotho kan beledig. Hier op ’n dag vra sy my om haar Afrikaanse woorde te leer, en kyk, die Oranjerivierafrikaans-prater in my raak opgewonde, want hier hoef ek nou nie te dink aan *am is or are plus the verb adding -ing* nie.

3 Ek is ’n Noord-Kapenaar van Namakwaland. In die woorde van Vito Heyn: “As jy Engels in Namakwaland praat, gaan jy sommer tronk toe.” Ek kan my nie ’n Topline of Grootdrink indink waar mense net Engels praat nie. ’n Vriend van my van Grootdrink het by Sol Plaatje-universiteit kom studeer. Hy neem toe deel aan Mr and Miss Sol Plaatje en die aand van die besigheid vra hulle toe vrae in Engels. Sy naam is Curtis. Curtis, wat nie Engels praat nie, word toe in Engels vrae gevra en hy’t hom so koud geskrik hy’t homself voorgestel as Chrystal. Hy is nou nog die grap.

4 As daai HK-lede moet vir my ma, ’n Namakwalander, gesê het om by die koshuis net Engels te praat, het my ma geantwoord: “Da’ loop ek huis toe.” As ek te lank in Bloemfontein was en ek kom t’rug Noord-Kaap toe en praat met kassiere Engels, antwoord hulle my in Afrikaans, want vir ’n Afrikaanssprekende gee Engels sooibrand.

5 As jy Engels wil praat, praat hom. So ook met Afrikaans. Die probleem kom in wanneer jy studente kry wat ander studente wil voorsê, en dít is ’n probleem in ons universiteite. Jy is nou HK nou kom dwing jy jou ideologieë op ander af en vir wat? Ons praat nou oor die toekoms van Afrikaans waar ons eintlik moet praat oor studente wat meen hulle kan septer swaai soos hulle wil oor hulle magsposisies in koshuise het.

6 Ek sê dit weer en ek gaan dit aanhou sê: Afrikaans gaan nêrens. Ons het g'n rede om bekommerd te wees nie. Ons praat die taal, ons skryf in hom, hou feeste in hom, ons drink wyn of bier in hom. Vat Minerva en Irene se mense aan, vat daai hoofdogters aan en maak van hulle 'n voorbeeld. Die besigheid gaan nie oor die oorlewing van Afrikaans nie, want môre koop ons nog steeds Afrikaanse koerante. Môre luister ek nog steeds Gert Vlok Nel. Iemand bid môreoggend in Topline of Grootdrink nog steeds die Onse Vader in Afrikaans en dit kan jy nooit uitvee nie.

7 Ons gaan klaar deur 'n pandemie, ons het nie nodig om bekommerd te wees oor ons moedertaal nie, want ek kan jou dit belowe: Môreaand om die braaivleisvuur praat Afrikaanssprekendes nie Engels nie en die gedigte wat ek die naweek gaan skryf, sal nie in Engels wees nie.

8 Maar kyk nou vir my, Noord-Kapenaar, wat wil sent gooi in 'n Wes-Kaap-bord. "Orig," sal my ma gesê het.

**Bron:** https://www.litnet.co.za/us-taaldebat-2021-toe-wanneer-word-jy-baas-oor-n-ander-se-mond/

1.1 Vanaf watter webtuiste is hierdie rubriek gekry? (1)

1.2 Noem twee redes waarom die skrywer Stellenbosch toe gaan. (2)

1.3 Verduidelik waarom die skrywer volgens paragraaf 1 met die studente in Stellenbosch kan identifiseer. (2)

1.4 Wat bedoel die skrywer daarmee dat haar Sotho 'n gebedsaak is? (1)

1.5 Sê of die volgende stellings WAAR of VALS is en gee 'n rede vir jou antwoord:

1.5.1 Die skrywer woon in Stellenbosch. (2)

1.5.2 Die skrywer se ma is 'n Vrystater. (2)

1.6 Watter raad gee die skrywer volgens paragraaf 5 oor die taal wat jy praat? (2)

1.7 Hoekom meen die skrywer volgens paragraaf 6 dat Afrikaans nêrens heen gaan nie? Noem twee voorbeelde. (2)

1.8 Haal 'n sinsdeel uit paragraaf 7 aan wat bewys dat Lynthia 'n digter is. (1)

1.9 Verduidelik wat met die volgende stelling in paragraaf 8 bedoel word:

"Maar kyk nou vir my, Noord-Kapenaar, wat wil sent gooi in 'n Wes-Kaap-bord.
"'Orig,' sal my ma gesê het." (2)

1.10 Neem die teks in ag en verduidelik wat met die titel bedoel word. (1)

1.11 Is jou moedertaal vir jou belangrik? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

**VRAAG 1: [20]**

**VRAAG 2: VISUELE TEKS**

**TEKS B: ADVERTENSIE**




**Aangepas vanaf: PEN Afrikaans**

2.1 Wie bied die skryfkursus aan? (1)

2.2 Wie is die skrywer wat as hoofaanbieder gaan optree? (1)

2.3 Waarom moet die mense opskud om in te skryf? (1)

2.4 Wat behels die sluitingsdatum? (1)

2.5 Verduidelik die proses as jy in aanmerking wil kom vir gratis bywoning. (2)

2.6 Verduidelik wat met "aanlyn" kursus bedoel word. (1)

2.7 Sê telkens of die volgende stellings WAAR of VALS is en gee 'n rede vir jou antwoord.

2.7.1 Die kursus vind oor vier Saterdae plaas. (2)

2.7.2 Die prys van die kursus is R850. (2)

2.8 Wie is Jolyn Philips? (1)

2.9 Wie dink jy is die teikenmark van die advertensie? (1)

2.10 Sal jy die kursus wil bywoon? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

**VRAAG 2: [15]**

**VRAAG 3: OPSOMMING**

**TEKS C: ARTIKEL**

Lees die onderstaande artikel deur. Maak 'n opsomming van SEWE WENKE HOE OM JOU WERKSPRESTASIE TE VERBETER. Jou opsomming moet puntsgewys wees. Nommer elke feit. Die opsomming moet tussen 80–90 woorde wees.

**VERBETER JOU WERKSPRESTASIE!**

**Martin Zwilling**

1 Die entrepreneur Ras Hougaard lê 9 verstandelike strategieë of gewoontes uit wat elke entrepreneur moet kweek, om jou gedagtes helderder en kalmer te hou, en jou algehele produktiwiteit te verhoog. Ek stem saam, gegrond op my eie uitgebreide loopbaan in die sakewêreld en as mentor vir entrepreneurs. Voorbeelde van maatskappye wat alreeds hulle spanne in hierdie verstandelike strategieë oplei, sluit in Google, Starbucks, AOL en nog meer:

2 Wees verstandelik ten volle teenwoordig en betrokke by die huidige taak. Teenwoordigheid is 'n basiese noodsaaklikheid vir fokus en oplettendheid. Dit beteken om altyd jou volle aandag aan die mense, voorwerpe en idees rondom jou te gee. Oefen deur 'n bewustelike besluit te neem om doelbewus meer teenwoordig te wees by 'n spanlid, by 'n kliënt, by 'n vergadering, of tuis.

3 Lewer rasionele response eerder as impulsiewe reaksies. Dit vereis geduld, of die vermoë om 'n bietjie ongerief te verduur en kalm te bly in die aangesig van uitdagende situasies. Geduld het meer te doen met groter doelwitte, eerder as tydelike kitsoplossings. Oefen deur stil te word en 'n paar keer diep asem te haal, voordat jy reageer.

4 Kies om altyd eerlik te wees en konstruktiewe terugvoer te gee. Toon goedhartigheid. Doen aan ander wat jy aan jouself gedoen wil hê. Oefen deur goedhartigheid in elke interaksie met mense te inkorporeer, deur aandag, respek, begrip en aanvaarding te toon. Jy sal almal se produktiwiteit verbeter, en jouself ook gelukkiger maak.

5 Benader elke situasie met die verstand van ’n beginner. Sonder ’n beginner se verstand, kan wat jy in die verlede gesien en gedoen het, genaamd gewoontelike persepsie, problematies wees. Dit beteken jy mag nie vandag se realiteit werklik sien nie. Oefen deur openlik enige gewoontelike persepsies te verwerp, en jouself uit te daag om meer nuuskierig in jou dag-tot-dag aktiwiteite te wees.

6 Weerhou jou daarvan om aanhoudend te stoei met probleme wat jy nie kan oplos nie. Aanvaarding is die besef dat nie elke probleem opgelos kan word nie, en dat frustrasie of woede nie die kwessie sal oplos nie. Dit sal jou net minder effektief en minder gelukkig maak. Oefen deur te besluit om aan te beweeg, sonder om ’n innerlike stryd te voer, nadat jy alle redelike pogings aangewend het.

7 Balanseer jou fokus tussen onmiddellike bevrediging en ongemaklike werk. Identifiseer bewustelik die take wat vir jou maklik is, soos e-pos en tekste, versus moeiliker take, wat miskien klagtes van kliënte of die konfrontasie van kollegas mag insluit. Oefening om bewus te wees van balans sal daartoe lei dat jou vlak van té gou afgelei word en langtermyn-vermyding, verander.

8 Soek deur jou dag proaktief na oomblikke van vreugde. Die meeste van ons is “altyd besig”, altyd gekonnekteer, en hardloop die hele dag. Die sleutel tot die kultivering van vreugde is om ten minste ’n paar aktiwiteite te antisipeer wat jy daagliks geniet. Baie mense vind vreugde daarin om net vir ’n paar minute stil te sit en te reflekteer. Ander vind ’n geleentheid om te glimlag of elke dag te lag.

**Bron: Solidariteit**

**VRAAG 3: 10**

**VRAAG 4: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**TEKS D: RESENSIE**

Lees die onderstaande resensie en beantwoord die vrae wat volg. Let wel dat daar opsetlike foute in die teks voorkom.

# *Branderjaer* deur Joha van Dyk: ’n lesersindruk

**Titel: *Branderjaer***
**Outeur: Joha van Dyk**
**Uitgewer: Human & Rousseau**
**ISBN: 978-0-7981-8048-1**

1 Jy is <u>óf</u> populêr óf ’n pliggie, of jy is ’n Branderjaer. "Onaantasbare elite van Stormbaai."

2 Vir ’n oomblik is jy saam in die kring, onder Verfkwas en op die beach met kuiervure en ’n cool playlist. <u>Hierdie is lekkerlees, in ’n slaapkamer, langs ’n swembad, of op vakansie by die see.</u>

3 Stormbaai, <u>geleë</u> aan die kus van die Wes-Kaap, omring deur see, strande, berge en grotte, word deur die onder- en bodorp verdeel. Ryk en arm. Gewild onder toeriste en ’n mekka vir branderrykompetisies. Die ewige soeke na ’n groot golf.

4 Die verhaal is deurspek met plofbare sosiale probleme wat <u>daagliks</u> kinders en families konfronteer en definieer. Om te behoort, druk, boelies, gesinsgeweld, bendebedrywighede, bloedskuld, finansies en trauma. Ouers wat "perfekte" planne smee, en moeilike toekomsbesluite vir jongmense wat matrikuleer en skool verlaat.

5 Die Branderjaers is aantreklik, <u>gewild</u>, en lewe voluit. Hulle ry branderplank, spring van kranse af, en het <u>talle</u> ander avontuurlustige aktiwiteite wat hulle besighou. Vir hul volgelinge blyk hulle vreesloos en roekeloos te wees en word daarom as adrenalien-junkies bestempel.

6 Louw, Jak, Ellis, Malherbe en Ben het mekaar in die kleuterskool ontmoet waar ’n gebeurtenis met ’n blou bekertjie die vyf seuns se lewens onherroeplik by mekaar verstrengel laat raak het. Elkeen worstel met sy eie probleme en identiteit, maar hulle huiwer nie om mekaar te ondersteun nie. <u>Lojale bloedbroers</u>. Hierdie tipe integriteit van samehorigheid, empatie en gewetens met deursettingsvermoë in enige omstandigheid en gebeurtenis gee hoop waarmee geïdentifiseer wíl word.

7 Die storie begin met ’n geveg in die "Kring" en byna onmiddellik is daar ’n bewustheid rondom knoeiery. Gereelde onverklaarbare <u>beserings</u> aan die

Branderjaers veroorsaak spanning en afwagting. Intrige en raaisels is volop in hierdie aangrypende groep jongmense se lewens.

8 Breekwater waar onwettige ondergrondse gebeurtenisse in die donker plaasvind. Die vraag is gedurig hoe die Branderjaers betrokke is in hierdie onderwêreld. Wie is die "Hoof Kringmaker" en hoe is die Branderjaers en Rotte by mekaar betrokke?

9 Deirdre, in graad 11, word volgens ’n plan grootgemaak. Sy en Louw raak onder dwang betrokke. Sy is anders. Hulle jong liefde ontwikkel dieper hoe verder jy lees. Hy leer haar om voluit vir haarself te lewe en besluite te neem.

10 Die leerhangertjie met gelukbringers om sy nek en gereelde beserings aan die Branderjaers maak haar kwaad en nuuskierig. Sy besef Stormbaai is vol geheime wat ontrafel móét word. Gedryf in haar soeke maak sy skok-ontdekkings. Sy verstaan uiteindelik wie die Branderjaers is en dat sy hulle sonder voorbehoud kan vertrou.

11 Die Branderjaers word op hul beurt gekonfronteer met ’n waarheid wat Deirdre se lewe raak en moet hulle vinnig besluite neem. Watter impak het dit op die Branderjaers en die verhouding tussen Louw en Deirdre?

12 Ek beveel hierdie boek aan. Nie net vir die jeug nie, maar ook vir ’n breër groep lesers. Want ouers wat kinders op pedestals sit se struggle is werklik wanneer ’n kind faal. Maar in werklikheid val ouers ook van pedestals af.

13 *Gripping* en nog.

Deur: **Wanda Olivier**
**https://www.litnet.co.za/branderjaer-deur-joha-van-dyk-n-lesersindruk/**

4.1 Benoem die skryfteken van die onderstreepte woord in paragraaf 1. (1)

4.2 Identifiseer die tipe sin wat in paragraaf 2 onderstreep is. (1)

4.3 Wat is die funksie van die deelteken op die woord “geleë” in paragraaf 3? (1)

4.4 Identifiseer een eienaam in paragraaf 3. (1)

4.5 Skryf die basisvorm van “daagliks” in paragraaf 4 neer. (1)

4.6 Skryf die vergrotende trap van “gewild” in paragraaf 5 neer. (1)

4.7 Gee ’n sinoniem vir “talle” in paragraaf 5. (1)

4.8 Sê of die byvoeglike naamwoord in die volgende sin van paragraaf 6 attributief of predikatief gebruik is. “Lojale bloedbroers.” (1)

4.9 Gee die verkleinwoord van die woord "beserings" in paragraaf 7. (1)

4.10 Herskryf die volgende sin in die indirekte rede:

Wanda Olivier: "Almal moet hierdie boek gaan koop." (1)

4.11 Identifiseer en benoem die voornaamwoord in die volgende sin in paragraaf 9: "Sy en Louw raak onder dwang betrokke." (1)

4.12 Verander die volgende sin in paragraaf 9 in 'n vraagsin.

"Sy is anders." (1)

4.13 Herskryf die volgende sin in paragraaf 9 in die ontkennende vorm.

"Hulle jong liefde ontwikkel verder hoe dieper jy lees." (1)

4.14 Identifiseer een voegwoord wat in paragraaf 12 gebruik word. (1)

4.15 Brei die volgende sin in paragraaf 12 met 'n byvoeglike bysin uit.

"Ek beveel hierdie boek aan." (1)

4.16 Herskryf die volgende sin eers in die toekomende en dan in die verlede tyd.

"Maar in werklikheid val ouers ook van pedestals af." (2)

4.17 Gee 'n Afrikaanse woord vir "gripping" in paragraaf 13. (1)

4.18 Gebruik "goed" as 'n predikatiewe byvoeglike naamwoord in die volgende sin: "Wanda het 'n resensie geskryf." (1)

4.19 Skryf die afkorting "www" in die bronteks volledig uit. (1)

**VRAAG 4: 20**

**GROOTTOTAAL: 65**